

Gereformeerde Kerk Bellville – 5 November 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 34:7, 8 (p. 168)

- 7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.
- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbrokeⁿ is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer, / die teespoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 96:1, 6 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 6 Verkondig nou van mond tot mond: / oor al wat is, regeer Hy, / oor onreg triomfeer Hy –
dus is die wêreld vas gegrond. / Die volkestryd beslis / Hy wat regverdig is.

Gebed

Psalm 140:4, 10, 11 (p. 680) (Melodie van Psalm 45)

- 4 Ek het toe tot die HEER gespreek: / U is my God, wat my verhoor.
Ag, luister dan wanneer ek smeek, / en neig tot my geroep u oor!
- 10 Die HERE sal, dis wat ek weet, / die regsak van die arme rig;
in druk sal Hy hom nie vergeet, / maar hom die lydenslas verlig.
- 11 Gewis, regverdiges sal, vry / van smaad, U loof op hoë toon,
opregtes nie meer onreg ly, / maar veilig voor u aanskyn woon.

Skriflesing: Romeine 3:21-4:12; Efesiërs 2:1-10;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 23:61

Kernvers: Romeine 3:28; 4:3; Efesiërs 2:8-9

Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet. (Romeine 3:28 AFR53)

Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. (Romeine 4:3 AFR53)

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. (Efesiërs 2:8-9 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 61: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?

Antwoord: Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is (a). En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie (b).

(a) 1 Kor 1:30; 2:2. (b) 1 Joh 5:10.

Tema: Geloof maak 'n mens nie regverdig nie, maar deur geloof maak Christus regverdig

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, vanaand kom die gelowige en die vraagsteller by nog 'n uiters belangrike vraag in hulle gesprek. Dit gaan oor die rol wat geloof in die gelowige se lewe speel. In besonder gaan dit oor watter rol speel die geloof van die gelowige wanneer hy deur God geregverdig word. Daar is mos vyf beginsels wat gereformeerde Christene van ander Christene onderskei.

Hierdie beginsels staan bekend as die vyf beginsels van die Reformasie. Gewoonlik hoor 'n mens hierdie vyf beginsels in Latyn: *Sola Scriptura* – Alleen die Skrif, *Solus Christus* – Alleen Christus, *Sola Fide* – Alleen Geloof, *Sola Gratia* – Alleen Genade en *Soli Deo Gloria* – Aan God alleen die eer. Uit hierdie beginsels kom 'n mens agter dat geloof so 'n belangrike rol speel in die gelowige se lewe dat dit vir hom een van die beginsels is waaraan hy vashou.

By die vorige gesprek het die vraagsteller gevra hoe die gelowige voor God regverdig is. Uit die antwoord wat die gelowige gegee het, is dit baie duidelik dat die gelowige slegs op grond van Christus se genoegdoening, geregtigheid en heiligheid voor God regverdig is. In daardie woorde beklemtoon die gelowige die beginsel – Christus alleen. Christus alleen kan 'n sondaar van sy sonde en van die ewige oordeel van God verlos. Slegs Christus kan in die plek van 'n sondaar die straf op die sonde dra – dit is Christus se genoegdoening. Slegs Jesus Christus kan die wet van God volmaak gehoorsaam. Jesus Christus is ook die enigste Een wat na die sondeval volkome heilig op die aarde geleef het. Hy het geen sonde gehad nie en was nooit geneig tot enige sonde nie, want Hy is ware God en tegelykertyd ook regverdige mens.

Die vraagsteller het fyn geluister hoe die gelowige in die vorige gesprek geantwoord het. Hy het sy antwoord so begin: **Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus ...** Die feit dat hy slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus voor God regverdig is, het hy weer in die middel van die antwoord beklemtoon. Hy het gesê dat God aan hom **sonder enige verdienste van sy kant, uit louter genade** die volmaakte werk van Jesus Christus skenk.

By die vraagsteller is daar nog 'n onduidelikheid. Hy is onder die indruk dat geloof tog iets is wat die mens doen. Hy onthou die tronkbewaarder in Filippi se vraag aan Paulus. Hy het vir Paulus en Silas gevra:

Menere, wat moet ek doen om gered te word? Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin. (Handelinge 16:30-31)

Afgesien van hierdie woorde uit Handelinge 16 is daar tot vandag toe mense wat sê dat jy nAssured and comforted through Christ's passionet moet glo dan sal jy gered word. En toe die vraagsteller hierdie mense gevra het hoekom 'n mens moet glo om gered te word, het hy dit soos volg verduidelik. Hulle het vir hom gesê dat God in die begin van die mens verwag het om volmaak gehoorsaam te wees aan die Here. Dit is heeltemal reg, want God het die mens volmaak geskep sodat hy God volmaak kon gehoorsaam.

Ja, maar luister wat het hulle verder vir my vertel, sê die vraagsteller. Hulle sê dat die mens na die sondeval nie meer in staat is om volmaak gehoorsaam te wees aan die Here nie, maar die mens kan nog 'n bietjie goed doen, soos om in die Here te glo. Daarom het God sy Seun gestuur en Jesus Christus het die vereiste vir die mens verminder. Christus was volmaak gehoorsaam aan sy Vader en nou moet die mens maar net in God glo dan sal hy gered word.

Broers, susters en kinders, wanneer 'n mens luister wat hierdie vraagsteller van geloof gehoor het en daarvan verstaan, kan 'n mens maklik oorgehaal word om te sê dat hy reg is. Maar as 'n mens gaan aanvaar dat hy reg is met sy verstaan van geloof, gaan jy jou vasloop. As die gelowige in die vorige gesprek beklemtoon het dat God uit louter genade, sonder enige verdienste van sy kant die volmaakte werk van Christus vir hom skenk, beteken dit mos dat geloof nie regtig 'n werk is van die mens nie. As geloof 'n werk van die mens is dan verdien die mens mos om gered te word, want hy glo dan in die Here. Dit is hoe baie mense vandag steeds redeneer. Hulle sê: Omdat ek glo, word ek gered. Die feit dat hulle glo, so klink dit, verplig die Here om hulle te red.

Iemand wat die Here nou al baie goed ken, weet mos dat die mens nie iets doen sodat die Here verplig is om iets terug te doen nie. Kyk maar net hoe sê die Heilige Gees dit in Romeine 11:35. Daar is nie een mens wat eers aan God iets gegee het sodat God verplig is om die mens terug te betaal nie. Daarom kan 'n mens nie sê dat geloof 'n werk is wat die mens doen en daarom word hy deur God gered nie.

Nou goed, as geloof dan nie 'n werk van die mens is nie, hoe moet 'n mens dan hierdie woorde van Paulus in Romeine 4 verstaan?

Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. (Romeine 4:3 AFR53)

'n Mens moet versigtig wees om nie net een versie te lees en daar op te hou nie. Dit is seker so dat 'n mens uit hierdie een vers kan aflei dat geloof Abraham se werk was en dat God hom daarom geregverdig het. Maar as 'n mens net die volgende twee verse lees, kom jy agter dat geloof nie 'n werk van Abraham kon wees nie. Luister hoe staan dit daar geskryf:

Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste; aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken. (Romeine 4:4-5 AFR53)

Nou kom 'n mens agter dat geloof nie die mens se werk is nie. In vers 5 word werk en geloof baie duidelik teenoor mekaar gestel – **aan hom wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken.** Om nog duideliker raak te sien dat geloof nie die mens se werk is waarvoor hy vergoed word nie, moet 'n mens ook na die kernvers in Romeine 3 kyk.

Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet. (Romeine 3:28 AFR53)

Nogeens maak die Here dit duidelik dat die mens nie werk om deur Hom geregverdig te word nie. God gee die regverdiging aan die mens deur die geloof. Dit is immers hoe die gelowige dit ook in die vorige gesprek gestel het. **Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus skenk God aan die mens die volkome genoegdoening, gehoorsaamheid en heiligheid van Christus.** Christus het die werk gedoen en God gee Christus se werk aan die mens deur die geloof.

'n Mens kan dus sê dat geloof die kanaal is waarlangs Christus se volkome werk na die son-daar toe vloei. Deur middel van die geloof word Christus se volmaakte verdienste die eiendom van die sondaar vir wie Christus aan die kruis gesterf het. Maar wanneer 'n mens geloof met 'n kanaal vergelyk, doen 'n mens eintlik 'n onreg aan die werk van die Heilige Gees. Geloof is tog nie iets buite 'n mens soos 'n kanaal nie.

Geloof is binne-in die mens. Maar nou moet ons dit duidelik maak, geloof is nie 'n gevoel nie, geloof is 'n aksie – 'n sondaar glo – glo is 'n werkwoord. Geloof is om te ontvang en om vas te hou aan wat 'n mens ontvang het. Wanneer 'n mens die Here glo, ontvang jy en hou jy styf vas aan elke ding wat God sê. Dit maak nie saak of jy voel dat wat Hy sê die waarheid is, sin maak of ooreenstem met die omstandighede nie. Geloof is om te aanvaar en vas te klou aan alles wat God sê, selfs al lyk alles rondom jou en in jou asof dit nie waar kan wees nie.

Kom ons kyk weer na daardie woorde in Romeine 4:3. Dit is 'n aanhaling uit Genesis 15:6. Ons weet in Genesis 15 verhaal die Heilige Gees die Here se belofte aan Abraham oor sy nageslag. Abraham was al oud en al vir 'n ruk lank in die land waarheen die Here hom laat trek het, maar daar was nog geen nageslag nie. Daarom het Abraham gedink dat sy slaaf Eliëser uit Damaskus maar sy erfgenaam sal wees. Die Here het vir Abraham gesê dat Eliëser nie sy erfgenaam sal wees nie, maar die een wat uit sy liggaam sal voorkom sal sy erfgenaam wees. Dit wil sê, Abraham self sal 'n seun hê.

Tog was Abraham al baie oud en boonop was sy vrou Sara onvrugbaar. En in hierdie omstandighede belowe die Here nie net een seun aan Abraham nie. Hy het Abraham uit sy tent uitgelei en vir hom gesê hy moet opkyk na die sterre en hulle tel as hy kan. Dan sê die Here vir hom so sal jou nageslag wees, so baie soos die sterre wat nie eers getel kan word nie. Abraham het hierdie belofte van die Here ontvang en Hy het daaraan vasgehou al het die omstandighede wat hy gesien het daarteen geskree. Abraham het die Here geglo en die Here het Abraham se geloof vir hom tot geregtigheid gereken.

In Artikel 35 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis word geloof die *hand van die siel* genoem. Ons weet wat die *hand van die liggaam* is en wat die hand van die liggaam doen. As jy so gaaf sal wees om vir my 'n geskenk te gee, strek ek my hand uit om die geskenk te ontvang. Toe ek my hand uitgestrek het, het ek met die uitstrek nie die geskenk verdien nie. Jy het reeds die geskenk gekoop met jou geld en besluit om dit vir my te gee en nou hou jy die geskenk na my uit. Nou kan ek een van twee dinge doen. Ek kan my hand uitstrek en die geskenk ontvang wat jy gratis aan my gee. Die alternatief is dat ek my hand agter my rug hou. Wanneer ek dit doen, dra ek 'n boodskap aan jou oor. Jy gaan verstaan dat ek nie in jou geskenk belangstel nie; ek wil dit nie hê nie; ek verwerp dit.

Geloof is die hand van die siel. God gee aan die mens die geskenk van regverdiging – dit is die geskenk om op grond van Christus se bloed onskuldig verklaar te word. Hy gee hierdie geskenk verniet – die mens moet nie eers werk daarvoor nie. Al wat die mens moet doen is om hierdie geskenk in die hand van die siel te ontvang. Deur die evangelie plaas die Heilige Gees Jesus Christus en al sy volmaakte werk in die hand van die siel wat Hy vir die mens geskep het deur die Woord van die Here.

Omdat mense in sonde ontvang en gebore word, word hulle gebore sonder die hand van die siel. Geestelik is hulle dood en sonder geloof. Maar aan hulle vir wie Christus aan die kruis gesterf het, skep die Heilige Gees die hand van die siel. Hy gee aan hulle geloof sodat Hy Jesus Christus en al sy volmaakte werk in die hand kan plaas.

Assured and comforted through Christ's passion Maar nou moet ons dit nog verder neem. Wanneer jy aan my 'n geskenk gegee het en ek het my hand uitgestrek om dit te ontvang, moet daar iets verder gebeur – ek kan mos nie my hand uitgestrek hou met die geskenk daarin nie. So sal die geskenk nie vir my baat nie. Sê nou jy het vir my 'n sjokolade gegee, gaan ek dit regtig nie in my uitgestrekte hand bly hou nie. Ek gaan dit nader bring en oopmaak en eet. Dit is mos my sjokolade. Wanneer ek die geskenk ontvang, maak ek dit

ook my eie.

So is dit ook met die geskenk van regverdiging wat God gee aan die mens. God skenk Christus se volkome genoegdoening, gehoorsaamheid en heiligheid aan die mens. Hierdie geskenk hou vir die mens groot voordele in – hy word onskuldig verklaar asof hy nog nooit gesondig het nie, hy word gesien as iemand wat die Here volmaak gehoorsaam en nie eers die geringste neiging het om verkeerd te doen nie. In Christus is God weer die mens se Vader. Om hierdie geskenk van God te ontvang is meer as om net sê dat jy voor God reg-verdig is. Wanneer jy die Here glo, maak jy hierdie geskenk jou eie – jy gaan hierdie geskenk voluit geniet. As jy jouself voluit aan die sorg en liefde van die Here toevertrou, geniet jy hierdie geskenk.

In Hebreërs 11 lees ons van verskeie mense in die Ou Testamentiese tyd – ons hoor dat hulle geglo het en dat hulle die geskenk van God voluit geniet het. Abel het geglo en hy het geoffer, Noag het geglo en hy het die ark gebou. Abraham het geglo en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. Die geloof van hierdie mense het uit meer as net kennis van God, of kennis dat God teenwoordig is, bestaan. Hulle geloof het telkens daarin duidelik geword dat hulle God vertrou het en iets gedoen het wat gewys het dat hulle God vertrou. Hulle het hulleself aan die Here se sorg en liefde toevertrou, want hulle het aan die geskenk wat die Here gegee het vasgeklou asof hulle lewe daarvan afhang.

Sonder die geskenk van Christus se volkome genoegdoening, gehoorsaamheid en heiligheid is daar geen manier waarop die mens voor God regverdig kan wees nie. Alles wat die mens doen – selfs sy beste werk – is onvolmaak en met sonde besmet. Net Christus alleen kan die mens se geregtigheid voor God wees. Hierdie geskenk kan op geen ander manier as met die hand van die siel – deur geloof – ontvang en toegeëien word nie. Daarom sê die gelowige dat hy slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus voor God regverdig is.

Dit gaan dus nie oor die waarde van 'n mens geloof nie. Dit gaan nie daaroor of 'n mens 'n groot geloof of 'n sterk geloof of 'n swak geloof het nie. Die vraag is nie hoe daardie hand lyk nie: is dit 'n groot hand, klein handjie of 'n swak handjie? Die groot vraag is: Wat is in jou hand? Het jy Christus in jou geloofshand? Is Hy vir jou die een en al waarvan jou hele lewe afhang? Kleef Hom dan aan, want jou lewe hang van Hom af.

Assured and comforted through Christ's passion

Amen!

Slotgebed

Psalm 73:11, 12 (p. 369)

11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aardeⁱⁿ kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my ewige goed.

1 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
2 U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

**Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
5 November 2017**